WAPADRANT
GEMEENTE
"Elkeen Saam op God se pad"

OPENBARE GETUIENIS 2020

1. Die ondergetekende gemeentes voel hulleself, as draers van die evangelie van Jesus Christus en burgers van die koninkryk van God, gedring om die onderstaande getuienis te lewer aangesien die morele vlakke in ons land sulke lae afmetings aangeneem het dat swye 'n onverskoonbare nalatigheid sou wees.

2. Ons lewer ons getuienis in die lig van die evangelie van die koninkryk van God wat gekenmerk word deur vrede en versoening, reg en geregtigheid, vryheid en medemenslikheid, liefde en hoop. Ons sluit hiermee ook aan by ons Grondwet waarin die beginsels van gelykheid, menswaardigheid en vryheid beklemtoon word.

3. Ons lewer ons getuienis met die oortuiging dat misbruik van nasionale bronne en wanregering juis die armes, en veral die armstes van die armes, die werkloses en die woningloses, die swaarste tref en daarom 'n haas onvergeeflike oortreding is.

4. Ons lewer hierdie getuienis in ootmoed en nederigheid en onder die diepe besef dat ons ons verantwoordelikheid in die vorige politieke bedeling nie na behore nagekom het nie; daaroor is ons opreg spyt. Ons besef egter dat vorige nalatigheid nie huidige verantwoordelikheid elimineer nie. (Hierdie punt het veral betrekking op Wapadrandgemeente.)

5. Ons pleit vir deursigtigheid, verantwoordbaarheid en openlikheid by die regering en moedig die regering aan om 'n voorbeeld van openbare moraliteit aan die landsburgers voor te hou. Ons het waardering vir die hernude pogings van die regering om korrupsie uit te roei, en wag hoopvol af dat dit resultate sal oplewer.

Tel: (012) 991-1395
Faks: (012) 991-1395 / 086 524 0495
www.gkwapadrant.co.za
E-Pos: kantoor@gkwapadrant.co.za
Posbus 1181, Garsfontein, 0042. Hoewe 3, Olympus

6. Daarom getuig ons teen

- die massale vorme wat korrupsie aangeneem het en duidelik te sien is in staatskaping, wanbestuur van bv Eskom en korrupsie onlangs tydens hulp aan COVID-19 slagoffers en gesondheidspersoneel
- alle vorme van kaderontplooiing, familie- en vriendebevoorregting en nepotisme (boetiebegunstiging) waarvan die regering gebruik maak
- die algemene oneffektiwiteit met betrekking tot die bekamping van misdaad, en spesifiek die onvoldoende en soms gebrek aan optrede van die regering (en die SAPD) om alle vorme van (wit en swart) plaasmoorde te voorkom en te beheer
- die uiters swak regeringsoptrede om die mishandeling van vroue en kinders te voorkom en te beheer
- die magsmisbruik wat sekere regeringsvlakke tydens die COVID-19 pandemie openbaar het
- die swak en oneffektiewe bestuur op byna alle regeringsvlakke, maar veral op plaaslike owerheidsvlak
- die toenemende rassisme wat die bevolking van Suid-Afrika verdeel en versoening strem
- die feit dat daar nie eenvoudige en sinvolle beleidsrigtings is wat ekonomiese groei en werkskepping kan bevorder nie
- die optrede van sommige politieke partye en organisasies wie se optrede tot geweld lei en gevare inhou vir menselewens en die beskadiging van eiendom, asook
- die swak regeringsbeheer van die sluipende gevaar van omgewingsbesoedeling

Tel: (012) 991-1395
Faks: (012) 991-1395 / 086 524 0495
www.gkwapadrant.co.za
E-Pos: kantoor@gkwapadrant.co.za
Posbus 1181, Garsfontein, 0042. Hoewe 3, Olympus
'n Gereformeerde Kerk in S.A.

7. Ons doen ‘n spesiale oproep op ons staatspresident om alles in sy vermoë te doen om ons pragtige land Suid-Afrika in ‘n nuwe koers te stuur, wég van wanbestuur en misdaad na ‘n pad van morele verantwoordelikheid en hoop.

8. Terwyl ons hierdie getuienis lewer, verseker ons die regering van ons voortdurende voorbidding vir lig, leiding en wysheid van Bo om só te regeer dat ons as nasie in vrede, vryheid en geregtigheid kan saamleef.

9. Ons lewer hierdie getuienis as gemeentes van Jesus Christus wat die sout vir die aarde en lig vir die wêreld moet wees en sluit hiermee aan by die getuienis wat die SARK op 25 Augustus 2020 gelewer het.

Die Gereformeerde Kerk Wapadrant (1983) & Olieven Christian Church (2011)

Tel: (012) 991-1395
Faks: (012) 991-1395 / 086 524 0495
www.gkwapadrant.co.za
E-Pos: kantoor@gkwapadrant.co.za
Posbus 1181, Garsfontein, 0042. Hoewe 3, Olympus